VOORSKRIF
OP
VOORSKRIF

# *1 Thessalonicense*

1 THESSALONICENSE
VOORSKRIF OP VOORSKRIF

A translation of the book:
1 THESSALONIANS
Published by Precept Ministries International
© 1981, 1983, 1986, 1988, 2001 Precept Ministries International
6th Edition

© 2009 Precept Ministries SA. Alle regte voorbehou. Hierdie materiaal word gepubliseer deur, en is die alleenbesit van, Precept Ministries of Reach Out, Inc. of Chattanooga, Tennessee. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.

Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van
Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

1ste druk, 6de Uitgawe (200)
6.1
Gedruk in Suid-Afrika
Julie 2011

Gedruk deur:
**Precept Ministries (SA)**
**Posbus 539**
**HOWARD PLACE**
**7450**
**SUID-AFRIKA**
**www.precept.org.za**
**Tel./Faks +27 (0)21 531 1836**

## LESSE

| | | | |
|---|---|---|---|
| BLADSY | 1 | LES EEN | **Oorsig** |
| BLADSY | 9 | LES TWEE | **Waarnemingswerkblad: I Thessalonicense 1** |
| BLADSY | 17 | LES DRIE | **'n Voortreflike Bekering** |
| BLADSY | 29 | LES VIER | **Waarnemingswerkblad: I Thessalonicense 2** |
| BLADSY | 33 | LES VYF | **'n Voortreflike Getuienis** |
| BLADSY | 41 | LES SES | **Waarnemingswerkblad: I Thessalonicense 3** |
| | | | **Voortreflike Opvolgwerk** |
| BLADSY | 51 | LES SEWE | **Die Versoeker** |
| BLADSY | 65 | LES AGT | **Waarnemingswerkblad: I Thessalonicense 4** |
| | | | **Seksuele Gedrag** |
| BLADSY | 83 | LES NEGE | **Liefde/Werk** |
| | | | **Waarnemingswerkblad: I Thessalonicense 5** |
| BLADSY | 91 | LES TIEN | **Wat Gebeur As Ek Sterf?** |
| BLADSY | 103 | LES ELF | **Verantwoordelikhede van Leiers en Volgelinge:** |
| | | | **Die Onordelikes, Kleinmoediges en Swakkes** |

## BYLAE

| | | |
|---|---|---|
| BLADSY | 119 | **Waarnemingswerkblaaie** |
| BLADSY | 129 | **Kaart** |
| BLADSY | 131 | **Omtrent Precept Ministries International** |

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY
**How to Study Your Bible Precept Upon Precept**
*Eugene, Oregon, Harvest House Publishers, 1994.*

**Griekse Woordstudiehulpmiddels**

**Kommentare oor 1 Thessalonicense**
*(Sien lys van kommentare wat volg)*

## NUTTIGE KOMMENTARE

BAXTER, J. SIDLOW
**Explore the Book**
*Grand Rapids, Michigan, Zondervan Publishing House, 1960*

MORRIS, LEON
**Tyndale New Testament Commentaries: 1 & 2 Thessalonians**
*Grand Rapids, Michigan, William B. Eerdman's Publishing Company, 1992*

THOMAS, ROBERT L.; EARLE, RALPH; HIEBERT D. EDMUND
**Expositor's Bible Commentary: 1, 2 Thessalonians; 2 Timothy; Titus**
*Grand Rapids, Michigan, Zondervan Publishing House, 1996*

WIERSBE, WARREN W.
**Be Ready**
*Colorado Springs, Colorado, Chariot Victor Publishers, 1979*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

**Logos Bybelsagteware**

Kragtige soekenjins met tot 4,000 elektroniese studiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse ensiklopedieë, ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding—ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept Ministries SA*
*Posbus 539*
*Howard Place, 7450, Suid-Afrika*



## LES EEN

## Oorsig

**HIERDIE LES SLUIT IN**

Waarnemingswerkblaaie van 1 Thessalonicense, in Bylae

**"Gaan dan heen … maak dissipels …" (Matthéüs 28:19). Dit is die bevel van ons Here. Geeneen wat God ken en Hom liefhet, kan dit veronagsaam nie!**

**Hierdie boek verduidelik aan ons hoe om dié opdrag te gehoorsaam. Een Thessalonicense is evangelisasie en dissipelskap in aksie! Dit is net die boek vir jou, omdat die inhoud vir jou belangrik is om te leer.**

### DAG EEN EN DAG TWEE

Gebruik hierdie week net jou Waarnemingswerkblaaie in die Bylae. **Moet geen ander studiehulpmiddels gebruik nie.**

Induktiewe Bybelstudie begin by die Bybel self. Dit is om te ontdek wat die Býbel sê. In induktiewe Bybelstudie is dit leersaam om eers die boek as geheel deur te werk voordat jy die afsonderlike dele bestudeer. Wanneer jy dit doen, sal jy sien hoe die verskillende dele met mekaar verband hou.

Hierdie week se les is die oorsig van 1 Thessalonicense; om 'n geheelbeeld van die boek te kry voordat ons dit hoofstuk vir hoofstuk begin ondersoek. As jy hierdie week elke opdrag van die tuiswerk deeglik doen, sal jy die raamwerk van 1 Thessalonicense begin raaksien. Elke enkele vaardigheid wat deel vorm van die metode wat ons hierdie week gebruik, sal die boodskap van die boek in 'n mindere of meerdere mate aan jou openbaar.

1. Wanneer jy begin om enige Bybelboek te bestudeer, moet jy onthou dat die Woord van God van alle ander boeke wat deur mense geskryf is, verskil. Die Bybel is

© 2011 Precept Ministries International

God se Woord wat vir ons opgeteken is deur manne wat Hy geïnspireer het om die woorde en waarhede van sý keuse te skryf. Daarom kan die waarhede van die Bybel slegs deur openbaring verstaan word, deur die Heilige Gees se onderrig. Vra God dus elke dag wanneer jy jou studie begin om jou oë oop te maak deur sy Gees, sodat jy die wondere van sy Woord mag aanskou — en moenie vergeet dat daar een is wat jou vordering sal teenstaan nie. Trek daarom jou wapenrusting aan en weerstaan die Satan se misleiding, want jy is wedergebore as oorwinnaar!

2. Indien jy nog nooit vantevore 'n Voorskrif-kursus gedoen het nie, lees die afdelings "The Joy and Value of Inductive Study," "The Rule of Context–Context Rules" en "Getting the Big Picture" in *How to Study Your Bible Precept Upon Precept*.

3. In die Bylae sal jy die boek 1 Thessalonicense, getik in dubbelspasiëring, vind. Gebruik hierdie Waarnemingswerkblaaie en lees die hele brief. Moenie stop om daaroor te wonder, vrae te vra of oor die teks na te dink nie. Lees dit eenvoudig deur soos enige brief wat jy so pas ontvang het.

4. Wat is jou mening nadat jy dit die eerste keer gelees het—is hierdie 'n historiese of profetiese boek, of 'n brief?

5. Mense, plekke en gebeurtenisse is maklik om raak te sien—ooglopende dinge. In 'n brief is die skrywer gewoonlik die mees ooglopende. Lees weer deur die brief. Die doel hiervan is om soveel as moontlik oor die skrywer te leer deur na die ooglopende feite op te let. Jy kan baie omtrent die skrywer leer deur die 5 W's en H-vrae (wie, wat, wanneer, waar, waarom en hoe?) te vra. Byvoorbeeld: Wie was die skrywer, wat het jy oor hom geleer, waar was hy, wanneer, waarom en hoe? Hierdie is net 'n paar vrae om mee te begin. Die feite kan raakgesien word deur daarop te let dat die skrywer na homself verwys deur die voornaamwoorde *ek*, *my* en *ons* te gebruik. Maak 'n lys van wat jy oor die skrywer leer. Moenie ontsteld raak as jy nie 'n antwoord op elkeen van die 5 W's en H-vrae kan vind nie. Skryf net die ooglopende feite neer.

   Lees 1 Thessalonicense weer. Soek hierdie keer inligting oor die ontvangers. Let op die voornaamwoord *julle*. Vra weer die 5 W's en H-vrae, byvoorbeeld: Aan wie skryf hy, wat is hul omstandighede, waar, wanneer, waarom en hoe? Let op hierdie stadium weereens slegs op die ooglopende feite. Maak 'n lys van wat jy leer.


© 2011 Precept Ministries International

6. Lees 1 Thessalonicense nog 'n keer. Neem in ag wat jy omtrent die skrywer en ontvangers geleer het. Wat merk jy op oor die tyd waarin hulle geleef het? Dit gee vir jou 'n idee van die historiese konteks van die boek. Skryf wat jy oor die historiese agtergrond leer op die 1 Thessalonicense Oorsigwerkblad, aan die einde van die les. (Wenk: Die feite wat jy oor Paulus en die Thessalonicense gelys het, gee 'n aanduiding van die historiese agtergrond.)

7. Watter onderwerpe bespreek die skrywer? Herhaalde woorde en -frases wat vir jou die hoofgedagtes aandui, staan bekend as "sleutelwoorde of -frases." Ons sal môre daaraan aandag gee. Onderstreep alle verwysings na geografiese plekke, soos stede, met 'n dubbele groen lyn.

*© 2011 Precept Ministries International*

## Dag Drie en Dag Vier

1. Begin hierdie studiesessie deur op te let na die sleutelwoorde wat dwarsdeur 1 Thessalonicense gebruik word.

   'n Sleutelwoord is 'n woord wat die skrywer herhaaldelik gebruik, of wat die teks betekenisloos sou laat as jy dit verwyder. Wanneer jy sleutelwoorde identifiseer, moet jy hulle op jou Waarnemingswerkblaaie merk. Dit kan op een van twee maniere gedoen word:

   a. deur elke sleutelwoord, asook hul sinonieme en voornaamwoorde, in een kleur in te kleur.

   b. deur 'n diagram rondom die betrokke woord te teken om dit van ander woorde te onderskei.

   Hou in gedagte wat jy geleer het toe jy die skrywer en ontvangers geïdentifiseer het en lees 1 Thessalonicense weer 'n keer. Watter woorde herhaal die skrywer dwarsdeur die boek? (Wenk: Sommige van die sleutelwoorde het alreeds in jou lys feite oor die skrywer en die ontvangers verskyn.) Merk hulle op jou Waarnemingswerkblad en skryf hulle op die 1 Thessalonicense Oorsigwerkblad.

2. Vervolgens moet jy die algemene onderwerpe (temas) in 1 Thessalonicense identifiseer. Watter onderwerpe bespreek Paulus, of probeer hy deur sy brief tuisbring? Sleutelwoorde sal vir jou leidrade gee oor wat die algemene onderwerpe is. Lees 1 Thessalonicense weer en identifiseer hierdie algemene onderwerpe. Lys hulle op die 1 Thessalonicense Oorsigwerkblad.


© 2011 Precept Ministries International

3. Terwyl jy deur 1 Thessalonicense lees, probeer vasstel waarom Paulus die brief geskryf het (die doel). Skrywers gee dikwels 'n duidelike rede waarom hulle skryf. In 1 Thessalonicense word die doel egter nie duidelik gestel nie, daarom moet dit deur deeglike oorweging van die hooftema van die boek vasgestel word. Terwyl jy na hierdie doel op soek is, onthou dat alles wat die skrywer dwarsdeur die boek doen, daarop gemik is om sy doel met die skryf van die boek te bereik. Sodra jy hierdie doel onderskei, sal jy beter toegerus wees om die boodskap van die boek te verstaan.

   Skryf die skrywer se doel met die skryf van die brief op die **1 Thessalonicense Oorsigwerkblad**.

## Dag Vyf

Die doel van 'n **Oorsigwerkblad** is om te sien hoe die verskillende dele (hoofstukke) by die geheel (die boek) inpas. Die proses vir die saamstelling van so 'n werkblad is eenvoudig.

1. Bid.
2. Lees, lees en herlees die teks.
3. Vervolgens moet jy die hooftema van die hele boek identifiseer. Wat is die belangrikste onderwerp in die boek? Onthou dat die sleutelwoorde jou na die algemene onderwerpe lei, wat op hul beurt die tema van die boek aandui. Skryf op die **1 Thessalonicense Oorsigwerkblad** wat jy dink die hooftema van 1 Thessalonicense is.
4. Noudat jy die boektema geïdentifiseer het, moet jy teruggaan om vas te stel wat elke hoofstuk omtrent daardie tema sê. Die sleutelwoorde dien weereens as rigtinggewers. Teken die tema van elke hoofstuk, soos jy dit ontdek, op die **Oorsigwerkblad** aan. Gebruik woorde direk uit die teks om die hoofgedagtes van elke hoofstuk weer te gee.
5. Wanneer jy 'n boek bestudeer, sal jy dalk 'n algemene of breë indeling van die boek raaksien. In die boek Romeine is hoofstuk 1-11 byvoorbeeld leerstellig, terwyl hoofstuk 12-16 prakties is. Ons noem dit 'n segmentindeling. 'n Boek kan ingedeel word volgens:

   datums
   plekke
   onderwerpe

leerstellings
sleutelgedagtes
regeringstye van konings
persoonlikhede en/of
hoofkarakters.

In korter boeke, soos 1 Thessalonicense, is die segmentindelings nie so duidelik omlyn nie. Die boek kan egter ingedeel word deur 'n inleiding, hoofgedeelte en slot te identifiseer. Skryf dit op jou tabel onder die opskrif *Segmentindelings*.


*© 2011 Precept Ministries International*

# 1 Thessalonicense Oorsigwerkblad

**Boektema**

**Skrywer**

**Ontvangers**

**Doel**

**Sleutelwoorde**

| Hoofstuktemas | Segment-indelings |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |
| 4 | |
| 5 | |

**Historiese Agtergrond**

© 2011 Precept Ministries International